WINSAANKONDIGING VIR VERSPREIDING AAN AANDEELHOUERS EN VRYSTELLING OP SENS

REMGRO BEPERK

Registrasienommer 1968/006415/06
ISIN ZAE000026480 Aandelekode REM

TUSSENVERSLAG

ONGEOUDITEERDE VERSLAG VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2008 EN VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

HOOFTREKKE

• **Tussendividend per aandeel:**	**80 sent**
• **Wesensverdienste per aandeel:**	**-2.6%**
• **Intrinsieke waarde per aandeel op 30 September:**	**R227.16**
• **Suksesvolle ontbondeling van BAT-aandele en Reinet depositobewyse aan aandeelhouers sedert 30 September**	
• **Pro forma wesensverdienste per aandeel:**	**-13.5%**

REMGRO BEPERK

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

	30 September		31 Maart
	2008	2007	2008
	R'm	R'm	R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**2 676**	2 504	2 568
Biologiese landboubates	**67**	68	67
Beleggingseiendomme	**34**	47	33
Klandisiewaarde en handelsmerke	**399**	402	408
Beleggings - Geassosieerde maatskappye	**44 815**	34 931	43 175
- Gesamentlike ondernemings	**154**	23	64
- Ander	**4 640**	6 644	8 551
Aftreevoordele	**10**	10	10
Lenings	**2**	2	2
Uitgestelde belasting	**126**	125	4
	52 923	44 756	54 882
Bedryfsbates	**7 955**	7 663	6 945
Kontant en kontantekwivalente	**4 157**	4 533	3 934
Ander bedryfsbates	**3 798**	3 130	3 011
Totale bates	**60 878**	52 419	61 827
EKWITEIT EN LASTE			
Uitgereikte kapitaal	**45**	45	45
Reserwes	**58 259**	49 213	58 697
Tesourie-aandele	**(2 093)**	(1 521)	(1 515)
Aandeelhouersekwiteit	**56 211**	47 737	57 227
Minderheidsbelang	**667**	520	648
Totale ekwiteit	**56 878**	48 257	57 875
Nie-bedryfslaste	**1 398**	1 691	1 872
Aftreevoordele	**208**	212	229
Langtermynlenings	**162**	220	189
Uitgestelde belasting	**1 028**	1 259	1 454
Bedryfslaste	**2 602**	2 471	2 080
Korttermynlenings	**612**	375	190
Ander bedryfslaste	**1 990**	2 096	1 890
Totale ekwiteit en laste	**60 878**	52 419	61 827
Netto batewaarde per aandeel (Rand)			
- Teen boekwaarde	**R119.58**	R101.04	R121.11
- Teen intrinsieke waarde	**R227.16**	R228.33	R253.67

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2008	2007	2008
	R'm	R'm	R'm
Verkope	**5 398**	4 878	9 447
Voorraaduitgawes	**(3 675)**	(3 021)	(5 415)
Personeelkoste	**(810)**	(810)	(1 621)
Waardevermindering	**(127)**	(129)	(251)
Ander netto bedryfsuitgawes	**(353)**	(337)	(1 109)
Handelswins	**433**	581	1 051
Dividende ontvang	**315**	188	274
Rente ontvang	**111**	165	296
Finansieringskoste	**(24)**	(9)	(43)
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**(81)**	6	19
Wins met die verkoop en herstrukturering van beleggings	**2 115**	96	1 665
Gekonsolideerde wins voor belasting	**2 869**	1 027	3 262
Belasting	**(174)**	(194)	(419)
Gekonsolideerde wins na belasting	**2 695**	833	2 843
Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	**3 612**	3 681	7 210
Netto wins	**6 307**	4 514	10 053
Toeskryfbaar aan:			
Ekwiteithouers	**6 277**	4 467	9 893
Minderheidsbelang	**30**	47	160
	6 307	4 514	10 053

Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings

Wins voor inagneming van waardedalings, nie-herhalende en kapitale items	**5 017**	5 079	10 023
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**(111)**	(18)	(28)
Wins met die verkoop van beleggings	**458**	213	372
Herstruktureringskoste	**(110)**	(66)	(259)
Ander nie-herhalende en kapitale items	**(13)**	8	32
Wins voor belasting en minderheidsbelang	**5 241**	5 216	10 140
Belasting	**(1 415)**	(1 248)	(2 390)
Minderheidsbelang	**(214)**	(287)	(540)
	3 612	3 681	7 210

WESENSVERDIENSTE REKONSILIASIE

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2008	2007	2008
	R'm	R'm	R'm
Netto wins vir die tydperk toeskryfbaar aan ekwiteithouers	**6 277**	4 467	9 893
Plus/(minus):			
- Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**81**	(2)	(15)
- Wins met die verkoop en herstrukturering van beleggings	**(2 115)**	(96)	(1 665)
- Netto (oorskot)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**-**	(114)	(114)
- Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	**(241)**	(135)	(122)
- Belastinguitwerking van aansuiwerings	**36**	28	5
- Minderheidsbelang	**8**	3	9
Wesensverdienste	**4 046**	4 151	7 991

VERDIENSTE EN DIVIDENDE

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2008	2007	2008
	Sent	Sent	Sent
Wesensverdienste per aandeel			
- Basies	**856.7**	879.6	1 692.8
- Verwater	**840.3**	852.0	1 649.0
Pro forma wesensverdienste per aandeel			
- Basies	**437.7**	506.3	964.1
- Verwater	**425.4**	482.8	928.3
Verdienste per aandeel			
- Basies	**1 329.1**	946.6	2 095.7
- Verwater	**1 310.3**	917.3	2 048.9
Dividende per aandeel			
Gewoon	**80.00**	180.00	510.00
- Tussen	**80.00**	180.00	180.00
- Finaal			330.00

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2008	2007	2008
	R'm	R'm	R'm
Saldo op 1 April	**57 875**	46 427	46 427
Totale inkomste verantwoord	**1 098**	4 249	14 377
Wisselkoersaanpassings	**(1 831)**	(545)	2 362
Netto billike waarde aanpassings vir die tydperk	**(3 378)**	280	1 962
Netto inkomste direk in ekwiteit verantwoord	**(5 209)**	(265)	4 324
Netto wins vir die tydperk	**6 307**	4 514	10 053
Dividende betaal	**(1 595)**	(1 384)	(2 252)
Verhoging van belang in filiaalmaatskappy	**-**	(656)	(660)
Kapitaal deur minderhede geïnvesteer	**7**	31	58
Oordragte tussen reserwes en ander bewegings	**8**	3	53
Veranderinge in reserwes van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	**89**	(436)	(165)
Aandele deur volfiliaal teruggekoop (tesourie-aandele)	**(666)**	-	-
Netto lewering/(aankoop) van aandele deur Die Remgro Aandeletrust	**88**	(24)	(18)
Langtermyn aandele-aansporingskemareserwe	**(26)**	10	18
Aandele uitgereik	**-**	37	37
Totale ekwiteit	**56 878**	48 257	57 875

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2008	2007	2008
	R'm	R'm	R'm
Kontant uit bedrywighede voortgebring	**1 666**	481	1 485
Belasting betaal	**(125)**	(195)	(497)
Dividende ontvang	**752**	1 861	3 548
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	**2 293**	2 147	4 536
Dividende betaal	**(1 595)**	(1 384)	(2 252)
Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**698**	763	2 284
Beleggingsaktiwiteite	**(923)**	(1 502)	(3 438)
Finansieringsaktiwiteite	**7**	345	84
Netto afname in kontant en kontantekwivalente	**(218)**	(394)	(1 070)
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	**3 831**	4 901	4 901
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**3 613**	4 507	3 831
Kontant en kontantekwivalente	**4 157**	4 533	3 934
Oortrokke bankrekening	**(544)**	(26)	(103)

ADDISIONELE INLIGTING

	30 September 2008	2007	31 Maart 2008
Aantal aandele uitgereik			
- Gewone aandele van 1 sent elk	**449 003 606**	449 003 606	449 003 606
Uitgereik op 1 April	**449 003 606**	448 802 207	448 802 207
Uitgereik gedurende die tydperk	**-**	201 399	201 399
- Ongenoteerde B-gewone aandele van 10 sent elk	**35 506 352**	35 506 352	35 506 352
Totale aantal aandele uitgereik	**484 509 958**	484 509 958	484 509 958
Aantal aandele in tesourie gehou	**(14 455 989)**	(12 042 320)	(11 972 555)
- Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou	**(12 054 019)**	(8 554 019)	(8 554 019)
- Gewone aandele deur Die Remgro Aandeletrust gehou en as tesourie-aandele verantwoord	**(2 401 970)**	(3 488 301)	(3 418 536)
	470 053 969	472 467 638	472 537 403
Geweegde aantal aandele	**472 277 388**	471 894 427	472 052 993

In die bepaling van verdienste en wesensverdienste per aandeel is die geweegde aantal aandele in berekening gebring.

	30 September 2008 R'm	2007 R'm	31 Maart 2008 R'm
Genoteerde beleggings			
Geassosieerd			
- Boekwaarde	**17 419**	12 610	16 665
- Markwaarde	**22 242**	26 251	22 147
Ander			
- Boekwaarde	**4 557**	6 556	8 483
- Markwaarde	**4 557**	6 556	8 483
Ongenoteerde beleggings			
Geassosieerd			
- Boekwaarde	**27 396**	22 321	26 510
- Direkteurswaardasies	**71 897**	68 455	82 286
Gesamentlike ondernemings			
- Boekwaarde	**154**	23	64
- Direkteurswaardasies	**154**	23	64
Ander			
- Boekwaarde	**83**	88	68
- Direkteurswaardasies	**83**	88	68
Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting	**231**	180	464
Kapitaalverpligtinge (Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)	**779**	730	888
Waarborge en voorwaardelike aanspreeklikhede	**308**	80	58
Dividende ontvang vanaf geassosieerde maatskappye teen beleggings verreken	**452**	1 506	3 297

KOMMENTAAR

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die tussenverslag word ooreenkomstig die erkennings- en metingsgrondslae van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), ingesluit IAS 34: Tussentydse Finansiële Verslagdoening, en ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet (Nr. 61 van 1973), soos gewysig, en die Noteringsvereistes van die JSE Beperk (JSE) opgestel.

Hierdie finansiële state inkorporeer rekeningkundige beleid wat in ooreenstemming met dié van die vorige finansiële tydperke is. Gedurende die tydperk onder oorsig het verskeie nuwe rekeningkundige standpunte, interpretasies en wysigings aan IFRS in werking getree. Die implementering van hierdie nuwe rekeningkundige standpunte, interpretasies en wysigings aan IFRS het geen uitwerking op die resultate van die huidige of vorige tydperke gehad nie.

2. VORIGE JAAR AANSUIWERINGS

Remgro het sy gerapporteerde resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2007 hersaamgestel vir die volgende veranderinge:

Vergelykende syfers met betrekking tot geassosieerde maatskappye
Op 26 November 2007 het Remgro sy tussenresultate vir die ses maande geëindig 30 September 2007 gepubliseer. Aandag is daarop gevestig dat sekere geassosieerde maatskappye op daardie stadium nog nie in staat was om die nodige inligting te verskaf om Remgro in staat te stel om wesensverdienste vir die vergelykende tydperke saam te stel nie. Dít het betrekking gehad op geassosieerde maatskappye wat die nuwe rekeningkundige riglyn met betrekking tot wesensverdienste, nl. Sirkulêre 08/07 eers in latere finansiële tydperke geïmplementeer het, byvoorbeeld FirstRand Beperk en RMB Holdings Beperk met verwysing na hul tussenverslagdoening tot 31 Desember 2007.

Die maatskappye hierbo genoem het sedertdien hul hersaamgestelde resultate ooreenkomstig Sirkulêre 08/07 aangekondig, wat ingesluit is in Remgro se hersaamgestelde resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2007.

Vergelykende syfers met betrekking tot Tsb Sugar Holdings (Edms) Beperk (Tsb Sugar)
Tsb Sugar het, weens die seisoenale aard van sy bedryf, sekere inkomstes en uitgawes eweredig oor die finansiële jaar versprei pleks daarvan om dit in die tydperk waarin die transaksies plaasgevind het, te erken. Hierdie praktyk is gestaak en die vergelykende syfers vir die ses maande geëindig 30 September 2007 is dienooreenkomstig hersaamgestel. Dié verandering in rekeningkundige hantering het slegs 'n uitwerking op die tussenresultate en het geen uitwerking op jaarresultate nie.

Hersamestelling van vergelykende syfers as gevolg van die bogenoemde aansuiwerings:

	Ses maande geëindig 30 September 2007 R'm
Inkomstestaat	
Toename in verkope	254
Toename in voorraaduitgawes	6
Toename in ander netto bedryfsuitgawes	147
Afname in minderheidsbelang	(19)
Wesensverdienste	
Wesensverdienste soos voorheen gerapporteer	4 016
Hersamestelling van vergelykende syfers met betrekking tot geassosieerde maatskappye	15
Hersamestelling van vergelykende syfers met betrekking tot Tsb Sugar	120
Hersaamgestelde wesensverdienste	4 151
Wesensverdienste per aandeel soos voorheen gerapporteer (sent)	851.0
Hersaamgestelde wesensverdienste per aandeel (sent)	879.6

	30 September 2007 R'm
Balansstaat	
Toename in reserwes	120
Afname in minderheidsbelang	(19)
Toename in bedryfsbates	55
Afname in bedryfslaste	(46)

3. RESULTATE

Wesensverdienste

Vir die tydperk onder oorsig het totale wesensverdienste met 2.5% vanaf R4 151 miljoen tot R4 046 miljoen afgeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel met 2.6% vanaf 879.6 sent tot 856.7 sent afgeneem het.

Bydrae tot wesensverdienste

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2008 R'm	2007 R'm	2008 R'm
Tabakbelange	**2 052**	1 839	3 579
Finansiële dienste	**792**	1 080	2 120
Nywerheidsbelange	**847**	970	1 895
Mynbelange	**296**	176	264
Korporatiewe finansies en ander belange	**59**	86	133
	4 046	4 151	7 991

Die bydrae van die tabakbelange, wat 50.7% (2007: 44.3%) van wesensverdienste verteenwoordig, het met 11.6% toegeneem. In sterling, het R&R Holdings SA, Luxembourg (R&R) se bydrae met 5.4% toegeneem.

Wisselkoersbewegings het steeds 'n wesentlike invloed op die tabakbelange se bydrae tot die groep se verdienste gehad. Weens die swakker rand was die gunstige wisselkoersuitwerking met die omskakeling van R&R se bydrae tot wesensverdienste (wat hoofsaaklik uit geëkwiteerde inkomste vanaf BAT bestaan) R112 miljoen gedurende die tydperk onder oorsig, vergeleke met R207 miljoen in 2007, soos in die tabel hieronder uiteengesit.

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2008	2007	2008
Gemiddelde wisselkoers (R/£)	**15.0166**	14.1987	14.2882
Sluitingswisselkoers (R/£)	**14.7590**	14.0020	16.0290
R&R se bydrae (£'m)	**137**	130	251
R&R se bydrae (R'm)	**2 052**	1 839	3 579
Gunstige wisselkoersuitwerking (R'm)	**112**	207	250

FirstRand en RMBH se gesamentlike bydrae tot Remgro se wesensverdienste uit finansiële dienste het R792 miljoen (2007: R1 080 miljoen) bedra. Die afname van 26.7% kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n toename in slegte skulde in die kleinhandel-uitleningsbedrywighede van die banksegment, sowel as verliese met die verhandeling van ekwiteitsinstrumente.

Die bydrae van die nywerheidsbelange het met 12.7% tot R847 miljoen (2007: R970 miljoen) afgeneem. Kagiso Trust Investments (KTI) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het 'n verlies van R194 miljoen (2007: R18 miljoen wins) bedra. Gedurende die tydperk onder oorsig is KTI se resultate wesentlik beïnvloed deur ongunstige billike waarde aanpassings, wat verband hou met sy aandeelhouding in Metropolitan Holdings Beperk voorkeuraandele, ten bedrae van R369 miljoen (2007: R10 miljoen gunstig), sowel as verliese gely op ander afgeleide instrumente. Total South Africa het goeie resultate gelewer met 'n bydrae tot wesensverdienste van R282 miljoen (2007: R118 miljoen), terwyl Distell sy verdienstegroei voortgesit het met 'n bydrae tot wesensverdienste van R114 miljoen (2007: R102 miljoen). Beide Rainbow en Medi-Clinic het laer resultate gerapporteer met bydraes tot Remgro se wesensverdienste ten bedrae van R93 miljoen en R132 miljoen onderskeidelik (2007: R142 miljoen en R153 miljoen). Nampak se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R53 miljoen (2007: R77 miljoen) bedra.

Mynbelange se bydrae tot wesensverdienste het met 68.2% tot R296 miljoen (2007: R176 miljoen) toegeneem. Dividende wat van Implats ontvang is, het R314 miljoen (2007: R187 miljoen) bedra. Trans Hex het 'n wesensverlies van R63 miljoen vir die tydperk gerapporteer (2007: R32 miljoen verlies). Remgro se deel van hierdie verlies bedra R18 miljoen (2007: R11 miljoen).

Die bydrae van korporatiewe finansies en ander belange het met 31.4% tot R59 miljoen (2007: R86 miljoen) afgeneem. Die afname kan hoofsaaklik toegeskryf word aan geëkwiteerde verliese ten bedrae van R44 miljoen op die belegging in Xiocom (2007: Rnul). Laer gemiddelde kontantbalanse as in die vergelykende tydperk het ook veroorsaak dat die bydrae van die sentrale tesourie-afdeling afgeneem het. Ingesluit in die korporatiewe finansies en ander belange se bydrae tot wesensverdienste waarna hierbo verwys is, is buitelandse valutawinste ten bedrae van R48 miljoen ten opsigte van intergroepdividende.

Pro forma wesensverdienste

Met ingang van 3 November 2008 het Remgro sy belegging in British American Tobacco Plc (BAT) aan sy aandeelhouers as 'n tussendividend *in specie* uitgekeer. Verwys na die "Sedert 30 September 2008"-gedeelte onder punt 6 vir verdere besonderhede.

As gevolg van die BAT-ontbondeling word wesensverdienste ook op 'n pro forma-grondslag aangebied, wat slegs vir die tussentydperk, die geëkwiteerde inkomste van BAT uitsluit, soos in die onderstaande tabel uiteengesit.

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2008	2007	2008
	R'm	R'm	R'm
Wesensverdienste soos gerapporteer	**4 046**	4 151	7 991
Geëkwiteerde inkomste van BAT teruggetel	**(1 979)**	(1 762)	(3 440)
Pro forma wesensverdienste	**2 067**	2 389	4 551
Wesensverdienste per aandeel soos gerapporteer (sent)	**856.7**	879.6	1 692.8
Pro forma wesensverdienste per aandeel (sent)	**437.7**	506.3	964.1

Op 'n pro forma-grondslag het beide wesensverdienste en wesensverdienste per aandeel met 13.5% afgeneem, vanaf R2 389 miljoen tot R2 067 miljoen en vanaf 506.3 sent tot 437.7 sent onderskeidelik.

Vir die jaar geëindig 31 Maart 2009 sal die belegging in BAT slegs vir die sewe maande tot 31 Oktober 2008 geëkwiteer word.

Verdienste
Totale verdienste het met 40.5% tot R6 277 miljoen (2007: R4 467 miljoen) toegeneem. Dié toename was hoofsaaklik as gevolg van die surplus ten bedrae van R2 115 miljoen wat gerealiseer is met die aflos van skuldbriewe deur R&R gedurende die tydperk onder oorsig (sien BAT gedeelte onder punt 5 vir besonderhede).

Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro 'n voorsiening vir waardedaling ten bedrae van R81 miljoen ten opsigte van twee van sy genoteerde beleggings, nl. Dorbyl en Trans Hex, verantwoord aangesien die drawaardes van dié beleggings hul beraamde verhaalbare bedrae oorskry het.

4. INTRINSIEKE WAARDE

Remgro se intrinsieke waarde per aandeel het met 10.5% vanaf R253.67 op 31 Maart 2008 tot R227.16 op 30 September 2008 afgeneem. Verwys na Bylaag A vir volle besonderhede. Die intrinsieke waarde per aandeel (ex BAT) op Dinsdag, 18 November 2008 was R94.36.

5. BRITISH AMERICAN TOBACCO PLC (BAT)

Op 30 September 2008 was Remgro se belang in BAT verteenwoordig deur sy belang van een-derde van die gewone aandele en al die "2005"deelnemende sekuriteite wat deur R&R uitgereik is. Dit het aan Remgro 'n effektiewe belang van 10.7% in BAT soos op 30 September 2008 gegee (2007: 10.6%). Die balans van die gewone aandelekapitaal van R&R is deur Compagnie Financière Richemont SA gehou. Verder het Remgro ook een-derde van die "2006" deelnemende sekuriteite wat deur R&R uitgereik is, gehou.

As deel van die stappe tot die ontbondeling van die belegging in BAT het R&R skuldbriewe ten bedrae van £142.5 miljoen wat deur Remgro gehou was gedurende die tydperk onder oorsig afgelos en die "2006" deelnemende sekuriteite gekanselleer. Die skuldbriewe het deel gevorm van die teenprestasie wat ontvang is uit die Rothmans International samesmelting op 1 Oktober 1995. Soos in die 1996 jaarverslag van Rembrandt Groep Beperk uiteengesit, is geen boekwaarde gereflekteer in die groepstate ten opsigte van die oorspronklike belangsverkryging in R&R nie. Gevolglik is die bruto opbrengs wat Remgro met die aflossing van die skuldbriewe ontvang het as 'n uitsonderlike wins ten bedrae van R2 115 miljoen verantwoord.

Gedurende die ses maande onder oorsig was daar nie 'n verandering in die aantal BAT-aandele wat R&R gehou het nie. Die positiewe uitwerking van BAT se volgehoue aandeleterugkoopprogram het egter R&R se belang in BAT tot 30.2% op 30 September 2008 laat toeneem (2007: 29.8%).

Vir die tydperk onder oorsig het Remgro se deel van R&R se wesensverdienste bestaan uit 35.46% van R&R se deel van die toeskryfbare inkomste van BAT en sy belang in R&R se nie-BAT inkomste (dit sluit in inkomste toeskryfbaar aan sy belegging in die "2006" deelnemende sekuriteite, waarna hierbo verwys word).

	Ses maande tot September 2008 £'m	2007 £'m
Toeskryfbare inkomste van BAT voor nie-herhalende en kapitale items	**1 234**	1 177
R&R se deel van die toeskryfbare inkomste van BAT:		
– 30.06% tot 30.20% (2007: 29.62% tot 29.84%)	**372**	350
R&R se nie-BAT inkomste	**9**	8
R&R se wesensverdienste vir die ses maande tot 30 September	**381**	358
Remgro se belang daarin:		
– 35.46% van R&R se deel van die toeskryfbare inkomste van BAT	**132**	124
– deel van R&R se nie-BAT inkomste	**5**	6
	137	130
	R'm	R'm
Omgereken teen 'n gemiddelde R/£-koers van 15.0166 (2007: 14.1987)	**2 052**	1 839

BAT se finansiële jaar eindig op 31 Desember, en rapporteer op 'n kwartaallikse grondslag aan aandeelhouers. Verdere inligting oor BAT, insluitend kopieë van die jaarverslag en kwartaalverslae, is op BAT se webwerf (www.bat.com) beskikbaar.

6. ANDER BELEGGINGS

Die belangrikste veranderinge in Remgro se ander beleggings gedurende die tydperk onder oorsig was soos volg:

Xiocom Wireless, Inc. (Xiocom)
Gedurende die 2008-finansiële jaar het Remgro 'n belang van 37.5%, op 'n ten volle verwaterde grondslag, in Xiocom bekom. Xiocom is 'n VSA-maatskappy wat spesialiseer in die ontplooiing en bedryf van draadlose breëband netwerke. Remgro het homself voorwaardelik verbind om $50.0 miljoen in Xiocom te belê. Op 31 Maart 2008 was $11.25 miljoen hiervan reeds belê. Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro 'n verdere $12.5 miljoen in Xiocom belê.

PG Groep van Maatskappye (PGSI)
Met ingang van 31 Julie 2007 het Remgro 'n belang van 24.5%, op 'n ten volle verwaterde grondslag, in PGSI vir R719.5 miljoen, transaksiekoste ingesluit, verkry. PGSI is die buitelandse houermaatskappy van die Plate Glass-groep. Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro 'n verdere $1.0 miljoen (of R7.9 miljoen) in PGSI belê. Op 30 September 2008 was Remgro se belang in PGSI, op 'n ten volle verwaterde grondslag, 25.0%.

Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk (KTI) en die Kagiso Infrastructure Empowerment Fund (KIEF)
Gedurende die 2007-finansiële jaar het Remgro ooreenkomste met KTI en KIEF aangegaan ingevolge waarvan Remgro hom verbind het om R350 miljoen in KIEF te belê. Die fonds het 'n teikengrootte van R650 miljoen en beoog om in infrastruktuurprojekte, insluitende paaie, lughawens, kragstasies, telekommunikasie-installasies, spoorwegnetwerke, hawens en water- en sosiale infrastruktuur, te belê. Teen 31 Maart 2008 het Remgro R50.4 miljoen van die R350 miljoen belê. Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro 'n verdere R16.1 miljoen in KIEF belê.

Terugkoop van Remgro-aandele
Op 30 September 2008 is 12 054 019 Remgro gewone aandele (2.7%) as tesourie-aandele gehou. Die tesourie-aandele is saamgestel uit die openingsbalans op 1 April 2008 van 8 554 019 Remgro gewone aandele en 3 500 000 Remgro gewone aandele wat gedurende die tydperk onder oorsig deur 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro teen 'n gemiddelde prys van R189.71 vir 'n totale bedrag van R666.4 miljoen aangekoop is. Hierdie aandele is aangekoop ten einde die nuwe aandelegroeireg-skema, wat na die ontbondeling van die belegging in BAT geïmplementeer is, te verskans.

Gedurende die tydperk onder oorsig is geen Remgro gewone aandele deur Die Remgro Aandeletrust aangekoop nie, terwyl 1 016 566 aandele aan deelnemers gelewer is teen betaling van die inskrywingsprys.

Sedert 30 September 2008, as deel van die voorlopige stappe tot die ontbondeling van die belegging in BAT, is die 8 554 019 Remgro gewone aandele wat as tesourie-aandele gehou is en 969 836 van die Remgro gewone aandele wat deur Die Remgro Aandeletrust gehou was gekanselleer nadat die ontbondeling van die belegging in BAT deur Remgro se aandeelhouers goedgekeur is. Die balans van die Remgro gewone aandele wat deur Die Remgro Aandeletrust gehou is, is aan deelnemers gelewer en 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro het 'n direkte finansieringsfasiliteit aan die deelnemers verskaf om hulle in staat te stel om die uitstaande koopprys te vereffen.

Sedert 30 September 2008:

Herstrukturering van groep
Op 7 Oktober 2008 het Remgro se aandeelhouers die ontbondeling van die belegging in BAT by wyse van 'n tussendividend *in specie* goedgekeur en op 3 November 2008 het Remgro 192 870 000 BAT gewone aandele en 302 555 410 Reinet Investments S.C.A. (Reinet) depositobewyse aan Remgro-aandeelhouers in die verhouding van 40.6054 BAT gewone aandele en 63.6977 Reinet depositobewyse vir elke 100 Remgro-aandele gehou, uitgekeer.

Die tussendividend *in specie* beloop 'n totale bedrag van R55.1 miljard en Sekondêre Belasting op Maatskappye (SBM) van R686.0 miljoen is op hierdie dividend betaalbaar. Bykomend tot die SBM betaalbaar, is Sekuriteite-oordragsbelasting ten bedrae van R144.1 miljoen ook op die dividend *in specie* betaalbaar.

Alle omsigtigheids- en ander aankondigings wat verband hou met die ontbondeling van die belegging in BAT is beskikbaar op Remgro se webwerf by www.remgro.com.

7. INLIGTING MET BETREKKING TOT ONGENOTEERDE BELEGGINGS

Tsb Sugar Holdings (Edms) Beperk (Tsb Sugar)
Tsb Sugar se verkope het gedurende die ses maande tydperk onder oorsig met 3.8% van R1 507 miljoen tot R1 564 miljoen toegeneem. Suiker maak R1 457 miljoen (2007: R1 410 miljoen) van verkope uit. Uitvoere vir die tydperk maak 17% van verkope uit.

Tsb Sugar se wesensverdienste vir die tydperk was R173 miljoen (2007: R175 miljoen). Wesensverdienste toeskryfbaar aan suiker het R185 miljoen (2007: R177 miljoen) bygedra tot totale wesensverdienste.

Dit is belangrik om daarop te let dat die besigheid van Tsb Sugar seisoenaal van aard is en die resultate vir die ses maande tydperke tot 30 September is dus nie noodwendig vergelykbaar nie en is nie 'n betroubare weergawe vir die verwagte resultate vir die jaar geëindig 31 Maart nie.

Na verwagting sal Tsb Sugar se suikerproduksie vir die seisoen tot 507 659 ton (2007: 478 643 ton) toeneem. Dié toename kan toegeskryf word aan die verhoging in hektare onder riet vanweë die verbetering in heersende klimaatstoestande en marginale verbetering in rietopbrengste vanweë die toename in waterbeskikbaarheid. Daar word verwag dat die uitvoersuikerprys hoër sal wees as die vorige jaar. Dit, saam met die swakker rand, sal na verwagting tot hoër uitvoerinkomste lei. Tsb Sugar het ook voordeel getrek uit die hoër suikerprys in die plaaslike mark. Royal Swaziland Sugar Corporation se bydrae tot Tsb Sugar se wins vir die tydperk is R56 miljoen (2007: R46 miljoen), 21.7% beter as in die vorige tydperk weens addisionele suikeruitvoere na die Europese Unie.

Wispeco Holdings Beperk (Wispeco)
Wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig was R26 miljoen (2007: R27 miljoen). Wispeco se wesensverdienste vir die ses maande onder oorsig was laer hoofsaaklik weens 'n verswakking in die plaaslike vraag na aluminium-uitpersprodukte, wat deur die verlangsaming in die residensiële boubedryf meegebring is.

As gevolg van hoër kommoditeitspryse het omset met 4.1% gestyg na R507 miljoen terwyl die bedryfswinsmarge afgeneem het na 7.9% (2007: 9.8%). Laekoste invoere vanaf China neem steeds toe, wat volgehoue druk op winsmarges plaas. Verkoopsvolumes vir die res van die jaar sal afhanklik wees van die volhoubaarheid van die vraag vanaf die kommersiële boubedryf en groot infrastruktuurprojekte.

In die huidige ekonomiese omstandighede lê Wispeco baie klem op doeltreffende krediet-en voorraadbeheer, terwyl kliëntediens indringende aandag geniet. Daar word deurlopend gepoog om produktiwiteit in alle bedryfsafdelings te verbeter. As gevolg van die laer vraag en voortdurende verbetering in produktiwiteit, is die kapasiteitsuitbreidingsplanne op die nuwe eiendom in Vereeniging eers op die lange baan geskuif.

Wispeco gaan steeds voort om 'n belangrike rol in vaardigheidsontwikkeling in die aluminiumvervaardigingsbedryf te speel. Vroeër vanjaar het Wispeco tien SpazAL-agentskappe toegeken aan sekere van die leerders wat aan Wispeco se aluminium vervaardigingsontwikkelingsprogram deelgeneem het. Hierdie jong entrepreneurs word tans ondersteun deur 'n jaarlange mentorskapprogram.

Business Partners Beperk (Business Partners)
Business Partners is 'n gespesialiseerde beleggingsgroep wat risikofinansiering, mentorskap en eiendomsbestuursdienste aan klein en medium-grootte ondernemings in Suid-Afrika bied.

Wesensverdienste vir die ses maande geëindig 30 September 2008 het met 3.2% tot R65 miljoen (2007: R63 miljoen) toegeneem teenoor die ooreenstemmende tydperk die vorige jaar. Wesensverdienste toeskryfbaar aan Remgro vir die tydperk was R14 miljoen (2007: R13 miljoen). Die effense toename in wesensverdienste is toe te skryf aan toenames in bedryfsinkomste hoofsaaklik vanweë 'n toename in die beleggingsportefeulje en hoër rente-inkomste, wat deels verminder is met die afname in die surplusse gerealiseer met die verkoop van beleggings, asook 'n toename in waardedalings op die beleggingsportefeulje.

Beleggings ten bedrae van R475 miljoen (2007: R300 miljoen) is gedurende die ses maande gemaak, 'n toename van 58.3% in beleggingsaktiwiteite. Ten spyte van die verswakking in makro ekonomiese toestande, word daar verwag dat beleggingsaktiwiteite in die tweede helfte van die huidige finansiële jaar op dieselfde vlakke sal bly as vir die eerste ses maande.

Total South Africa (Edms) Beperk (Total)
Total se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig was R282 miljoen (2007: R118 miljoen) wat op 'n jaargrondslag 'n toename van 139% verteenwoordig. Weens die wesentlike toename in bedryfskapitaalbehoeftes het Total egter nie gedurende die tydperk onder oorsig 'n dividend betaal nie, teenoor 'n dividend van R168 miljoen in die vergelykende tydperk.

Kleinhandelverkope van petroleumprodukte in Suid-Afrika is negatief beïnvloed deur die toename in internasionale oliepryse, wat 'n afname in vraag veroorsaak het. Total se verkoopsvolumes is op soortgelyke vlakke as dié in September 2007, met markaandeel grotendeels onveranderd.

Die toename in die bemarkingsmarge is hoofsaaklik toeskryfbaar aan die herwaardasie van voorraad in die eerste ses maande van die jaar, asook klein verhogings toegestaan deur die regering op sekere kostestruktuur-elemente. Dié marge- en winsgroei is egter negatief geraak deur die toename in vervoerkoste, aangevuur deur hoë brandstofkoste, asook 'n toename in oorhoofse koste weens hoë inflasievlakke.

Natref (waarin Total 'n belang van 36% het) se onbevredigende betroubaarheidsvlakke het eers sedert Augustus 2008 begin verbeter. Ongeag ongeskeduleerde onderbrekings was die raffineringsmarge hoog vir die eerste ses maande van die jaar, vanweë die toename in internasionale oliepryse. In 'n poging om meer energiedoeltreffend te wees, het Natref 'n elektrisiteitsbesparing van 10% gedurende die tydperk behaal.

Unilever South Africa Holdings (Edms) Beperk (Unilever Suid-Afrika)
Unilever Suid-Afrika se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die ses maande tydperk onder oorsig het R127 miljoen (2007: R121 miljoen) bedra. Omset het met 20.7% tot R5 595 miljoen (2007: R4 634 miljoen) toegeneem terwyl die bruto winsmarge laer was op 31.8% (2007: 35.7%).

Die verhoogde bydrae tot wesensverdienste kan hoofsaaklik toegeskryf word aan groei in omset wat gepaardgaan met die fokus op die beheer van oorhoofse kostes terwyl steeds in handelsmerke geïnvesteer is.

Die groei in die kleinhandelomset was 21.3% vir die ses maande geëindig 30 September 2008 met 17% hiervan gedryf deur prysgroei. Huishoudelike produkte, veral die waspoeiers Omo en Sunlight, was die grootste bydraers tot hierdie groei. Sterk groei is ook ervaar in Smere as gevolg van hoë prysstygings gedurende die tydperk. Geurmiddels en Slaaisouse het gebalanseerde groei ervaar, beide in volumes en pryse. Die impak van die verhoogde omset en beheerde spandering op oorhoofse koste is gedeeltelik teengewerk deur inflasiedruk op insetkoste en 'n toename in distribusiekoste.

Air Products South Africa (Edms) Beperk (Air Products)
Air Products se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die ses maande geëindig 30 September 2008 het met 18.6% tot R51 miljoen (2007: R43 miljoen) toegeneem terwyl die wins voor belasting met 35.0% tot R81 miljoen (2007: R60 miljoen) toegeneem het. Verdienstegroei is negatief beïnvloed deur die verhoogde effektiewe belastingkoers vir die tydperk van 36% (2007: 28%) wat veroorsaak is deur 'n toename in Sekondêre Belasting op Maatskappye as gevolg van wesentlike hoër dividende wat gedurende die huidige jaar betaal is.

In die algemeen was verkoopsvolumes in alle segmente van die besigheid goed. In die grootmaatgasbesigheid is 'n groot lugskeidingsaanleg vir die Konkola-Kopermyn in bedryf gestel. In die tydperk onder oorsig is wesentlike vordering met die inbedryfstelling van die nuwe lugskeidingsaanleg in Newcastle, KwaZulu-Natal, gemaak ten einde die omvang van lewering aan die Mittal Staal bedrywighede in die area te verhoog. Die vraag na silinder- en ander verpakte gasprodukte het gedurende die jaar sterk gebly.

Die onmiddellike vooruitsigte vir Air Products is positief, alhoewel die groei in vraag na verwagting gaan afneem weens die impak van laer kommoditeitsprysvlakke in sekere industrieë, asook 'n verlangsaming in plaaslike ekonomiese aktiwiteite en uitvoergeleenthede.

PGSI Beperk (PGSI)
Vir die ses maande onder oorsig het PGSI se omset met 2% tot R1 272 miljoen afgeneem teenoor die vergelykende tydperk en sy wesensverdienste het met 56.5% van R62 miljoen tot R27 miljoen afgeneem. PGSI se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig was R3 miljoen.

Die Nasionale Kredietwet en die toename in rentekoerse gedurende die laaste twee jaar het gelei tot laer besteebare inkomste vir verbruikers. Hierdie was die sleutelfaktore vir die wesentlike afname in plaaslike verkope van nuwe motors en residensiële boubedrywighede, wat die vraag na glas laat afneem het. Die plaaslike "Original Equipment Car Manufacturers" het prysverhogings teengestaan weens laekosteprodukte beskikbaar uit die Ooste, terwyl Shatterprufe se motorglasvervaardigingskoste merkbaar toegeneem het.

Uitvoermotorverkope en kommersiële bouprojekte het steeds 'n goeie vraag na glas gelewer. 'n Swakker rand het die winsgewendheid van waardetoegevoegde motorglasuitvoere ondersteun.

Finansieringskoste het toegeneem teenoor die vergelykende tydperk van die vorige jaar weens finansiering wat bekom is vir die konstruksie van 'n tweede dryfglasaanleg wat gedurende April 2007 in bedryf gestel is. Die voordele van hierdie addisionele kapasiteit sal eers na die roetine herstelwerk van die eerste dryfglasaanleg, geskeduleer tussen Mei en Augustus van 2009, realiseer.

Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk (KTI)
KTI se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die ses maande onder oorsig beloop 'n wesensverlies van R194 miljoen (2007: R18 miljoen wins). Die afname in bydrae tot wesensverdienste gerapporteer is hoofsaaklik vanweë 'n ongunstige billike waarde aanpassing van R369 miljoen op die omskakelingsregte verbonde aan die hou van die Metropolitan Holdings Beperk voorkeuraandele asook 'n negatiewe billike waarde aanpassing van R126 miljoen op die platinum verskansings-finansiële instrument vir die Mototolo gesamentlike onderneming.

Xiocom Wireless, Inc. (Xiocom)
Gedurende die 2008-finansiële jaar het Remgro 'n 37.5% belang verkry in hierdie nuut gestigte tegnologiemaatskappy. Remgro het homself voorwaardelik verbind om $50.0 miljoen in Xiocom te belê. Teen 30 September 2008 is $23.75 miljoen geïnvesteer. Vir die tydperk onder oorsig het Remgro verliese van $6 miljoen (2007: $nul) geëkwiteer.

Xiocom het in die oorsigtydperk vordering gemaak om homself te posisioneer as 'n vooraanstaande verskaffer van breëband-stelsels en -netwerke aan ontwikkelende markte. In dié verband is daar begin met die ontplooiing van netwerke in die Dominikaanse Republiek. 'n Netwerk vir Altech is ook in Kigali, Rwanda, suksesvol in bedryf gestel.

Beide die platforms vir hardeware en sagteware is verbeter en die nuwe weergawes is suksesvol geïmplementeer.

Verkope is op hierdie stadium nie wesentlik nie en die verlies is as gevolg van uitgawes wat in die vestiging van hierdie maatskappy aangegaan is.

DIVIDENDE

Na die uitkering van BAT gewone aandele en Reinet depositobewyse aan die begin van November 2008, sal aandeelhouers voortaan dividende vanaf Remgro, BAT en Reinet ontvang.

Aandeelhouers sal, ten opsigte van die BAT-aandele wat aan hulle uitgekeer is, die BAT finale dividend, ten opsigte van sy finansiële jaar tot Desember 2008, direk ontvang. Daar word verwag dat die BAT finale dividend gedurende Mei 2009 betaal sal word. Remgro se finale dividend vir die jaar geëindig 31 Maart 2009, sal gedurende Augustus 2009 betaal word.

Na inagneming van bogenoemde is die Remgro tussendividend op 80 sent (2007: 180 sent) per aandeel vasgestel.

DIREKSIE

Op 22 Augustus 2008 het mnr Daniel Prins afgetree as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur en mnr Herman Wessels is aangestel as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur.

Die Raad wil graag vir mnr Prins bedank vir sy waardevolle bydrae oor baie jare.

VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

Verklaring van Dividend Nr. 17

Hiermee word kennis gegee dat 'n tussendividend van 80 sent (2007: 180 sent) per aandeel verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele van een sent elk en die ongenoteerde B-gewone aandele van tien sent elk, vir die halfjaar wat op 30 September 2008 geëindig het.

Belangrike datums:

Laaste dag van verhandeling ten einde vir die tussendividend te kwalifiseer	Vrydag, 9 Januarie 2009
Aandele verhandel ex dividend	Maandag, 12 Januarie 2009
Rekorddatum	Vrydag, 16 Januarie 2009
Betaaldatum	Maandag, 19 Januarie 2009

Aandeelsertifikate mag nie vanaf Maandag, 12 Januarie 2009 tot Vrydag, 16 Januarie 2009, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of hermaterialiseer word nie.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Thys Visser
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
25 November 2008

DIREKSIE

Nie-uitvoerende direkteure
Johann Rupert*(Voorsitter)*,
E de la H Hertzog*(Ondervoorsitter)*, P E Beyers, G D de Jager*, J W Dreyer,
P K Harris*, J Malherbe, M M Morobe*, M Ramos (Mej)*,
F Robertson*, H Wessels*
(**Onafhanklik*)

Uitvoerende direkteure
M H Visser *(Hoofuitvoerende beampte),*
W E Bührmann, L Crouse, J A Preller (Mev), T van Wyk

MAATSKAPPY-INLIGTING

Sekretaris
M Lubbe (Mev)

Notering
JSE Beperk
Sektor: Nywerhede – Algemene Nywerhede

American depositary receipt (ADR) program
Cusip nommer 75956M107 ADR tot gewone aandeel 1 : 1

Depositaris
The Bank of New York, 101 Barclay Street, New York NY 10286

Sake-adres en geregistreerde kantoor
Carpe Diem Kantoorgebou, Quantumstraat, Tegnopark, Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretaris
Computershare Investor Services (Edms) Beperk,
Marshallstraat 70, Johannesburg 2001
(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure
PricewaterhouseCoopers Ing.,
Kaapstad

Borg
Rand Aksepbank ('n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

Webwerf
www.remgro.com